HOOFSTRAAT
PAARL
7646

Tel: (021) 872 4505/4510
Faks: (021) 872 5137
Epos: admin@kleingim.co.za
www.kleingim.co.za

LAERSKOOL PAARL GIMNASIUM

18 Februarie 2021

Geagte Skoolhoof

INTERSKOLE REDENAARSKOMPETISIE

Ons nooi graag u skool uit om deel te neem aan bogenoemde kompetisie wat aangebied word deur Die Afrikaanse Taalmuseum en Laerskool Paarl Gimnasium.

DATUM: Maandag, 19 April 2021
PLEK: Laerskool Paarl Gimnasium
TYD: 18:30 tot ongeveer 21:00
Deelnemers meld asb. om 18:15 aan. Die groot skuifhek reg oorkant die Toringkerk se kerksaal sal oop wees, sodat ouers / onderwysers daar kan inry en veilig parkeer. Afhangend van Covid-regulasies en direktiewe op daardie stadium, sal ons dan eers besluite neem t.o.v. bywoning van verrigtinge deur 'n gehoor/toeskouers.

INSKRYWINGS

- Verskeie laerskole word uitgenooi. Elke laerskool mag 2 redenaars inskryf. Deelnemers moet in 2021 in gr. 6 en/of 7 wees.
- Sluitingsdatum vir alle inskrywings is op **Vrydag, 26 Maart 2021**.
- Voltooi asb. meegaande inskrywingsvorm en e-pos dit na: mazelle@kleingim.co.za

ALGEMENE REËLS

- Slegs voorbereide toesprake word gelewer en beoordeel.
- Daar is geen voorgeskrewe temas nie. Voorgeskrewe temas van die ATKV mag gebruik word, sou 'n deelnemer dit verkies.
- Uit die tema moet 'n onderwerp geformuleer word wat 'n standpunt bevat en die standpunt moet aan die hand van argumente en bronne beredeneer word. Dit is met ander woorde 'n beredeneerde toespraak en NIE 'n praatjie NIE.
- Geen kateder of mikrofoon word voorsien nie.
- Wanneer 'n deelnemer klaar gepraat het, mag hy/sy hul sitplek in die saal inneem om na die ander deelnemers te luister wat na hom/haar aan die beurt kom.
- Beoordelaars gebruik 'n voorgeskrewe staat vir beoordeling. Sien asb. voorbeeld aangeheg.
- Ons sal poog om 3 beoordelaars te hê, maar beslis nie minder as 2 beoordelaars nie.
- Geen punte sal bekend gemaak word nie.
- Mondelinge repliek sal na afloop van die aand se verrigtinge gelewer word, nie vir individuele toesprake nie, maar repliek oor die algemeen.
- Deelnemers tree in skooldrag op.

LENGTE VAN VOORBEREIDE TOESPRAKE

- 4-6 minute: Groen kaart na 4 minute, geel kaart na 5 minute en ‘n rooi kaart na 6 minute dui aan dat die tyd verstreke is.
- Deelnemers word gepenaliseer indien hulle te kort of te lank praat.

PRYSE GEBORG DEUR DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM

R500 eerste prys
R300 tweede prys
R200 derde prys

Ons sien daarna uit om die deelnemers by die kompetisie te verwelkom. Beste wense vir 2021.

Vriendelike groete

M. Engelbrecht

M ENGELBRECHT
KOÖRDINEERDER

SD LE ROUX
SKOOLHOOF

……

STUUR ASB. TERUG
voor of op Vrydag, 26 Maart 2021 per
e-pos na: mazelle@kleingim.co.za

INTERSKOLE REDENAARSKOMPETISIE

SKOOL: _____

TEL NO. (skool): _____

E-POSADRES: _____

SKAKELONDERWYSER/ES: _____

DEELNEMERS

Naam en van: _____ Graad: _____

Naam en van: _____ Graad: _____